

## **Sing vooraf:** Psalm 49:1 (p. 248)

- 1 Kom luister, volke wat die aarde oordek, / wat woon so ver die wêreldlande strek!  
Kom aan, wie klein en arm is in die land, / saam met die rykes, hoog in eer en stand!  
My hart en mond bring enkel wysheid voort. / Ek neig my oor en luister na 'n woord;  
'n diep geheim – 'n stof vir harpenare – / sal ek vertolk by ruising van my snare.

## **Sing staande:** Psalm 119:34 (p. 593)

- 34 Aarde, hemel, alle dinge – / niks wat ooit u ord'ning breek;  
want hul almal is u knegte, / stip-gehoorsaam as U spreek.  
Was u wet nie al my lus nie, / dan het ek in smart versmag;  
maar nou dit my krag gewek het, / dink ek daaraan dag en nag.

*Kom ons begin hierdie ontmoeting met God deur openlik teenoor mekaar en teenoor God te verklaar:*

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

## Lofpsalm 103:1, 9 (p. 504)

- 1 Loof, o my siel, en alles wat in my is, / loof, loof die HEER in wie 'k van harte bly is!  
Verhef sy heil'ge Naam met lof en prys! / Laat hoor, my siel, die stem van dankgebede,  
vergeet nooit een van sy weldadighede, / vergeet Hom nie wat jou sy guns bewys.
- 9 Maar Gods genade en goedheid is onendig / oor almal wat Hom vrees, sy trou bestendig;  
dit reik tot aan die verste nageslag / wat sy verbond nie troueloos wil skend nie,  
of van sy wet hul hart afkerig wend nie, / maar sy bevel gehoorsaam wil betrag.

## Gebed

### Psalm 144:1 (p. 691)

- 1 Geloofd sy God wat my in wank'le tyd / 'n rotssteen is, my aangord tot die stryd;  
wat tot die kryg my hande toeberei, / so goed is en 'n vestingwerk vir my;  
wat my die skans tot redding wil verstrek, / by wie ek skuil, daar my sy skild oordek;  
wat in die stryd my altyd trou bewaak / en nou my volk aan my gehoorsaam maak.

Skriflesing: Matteus 7

Teks: Matteus 7:21; Kategismus Sondag 49

**Nie elkeen wat vir My sê: Here, Here! sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is.**  
(Matteus 7:21 AFR53)

Jesus waarsku in hierdie hoofstuk teen die bedrog van die valse profete.

- Van vers 15 af waarsku Hy teen profete wat kom in skaapsklere – mense wat nie goeie vrugte dra nie maar wat ingestel is op die verskeuring van ander mense.
- Maar van vers 21 af waarsku Hy teen die bedrog in jou eie hart.
  - Dit help nie net om te waak teen die valse profete as jy self 'n valse belyer van God se evangelie is nie!
  - Dit gaan nie net oor ontroue predikers in God se kerk nie maar ook oor ontroue lidmate.

Ons gee in hierdie preek aandag aan die volgende aspekte:

## 1. Ons belydenis en ons dade

## 2. Die krag van God

### 1. Ons belydenis en ons dade

Hierdie gedeelte sluit natuurlik baie skerp aan by die brief van Jakobus waarin hy breedvoerig skryf dat dit geen nut het as iemand sou sê dat hy 'n Christen is maar sy lewe toon 'n gebrek aan die werke wat by 'n Christen pas nie.

- So 'n persoon is in wese 'n ongelowige.
- So is baie van ons ook. Ons dink 'n redelike probeerslag en baie praatwerk is voldoende, terwyl ons menseverhoudinge en talle ander dinge in ons lewe die teendeel bewys!

Dit gaan in ons teks dus oor die belydenis van die Naam van die Drie-enige God.

**Nie elkeen wat vir My sê Here, Here! Sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie,**  
(Matteus 7:21a AFR53)

Daarmee bring Jesus elkeen wat na Hom geluister het dadelik tot stilstand. Nou hoe dan? Dan antwoord Hy dat daar 'n gelykheid tussen ons dade en ons belydenis moet wees.

**maar hy wat die wil doen van My Vader wat in die hemele is.** (Matteus 7:21b AFR53)

- Die Here noem dit dan ook dat Hy daardie dag mense sal veroordeel wat werklik in sy Naam wonders en tekens gedoen het.
- Hy gaan mense veroordeel wat selfs in die Naam van die Here duiwels uitgedryf het.
- Mense wat selfs die kragte van God in sy Naam geopenbaar het.

Daarom pas dit alte goed dat ons die gebed bid:

**Laat U wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde.** (Matteus 6:10 AFR53)

Die eerste saak wat ons by hierdie deel van die gebed moet begryp, is dat God lankmoedig is.

- Hoe lank is die wêreld nou al ongehoorsaam?
- Daar is nie een enkele gehoorsame nie, en ook nie een wat in elke opsig volmaak wil of kan lewe nie.

Die mens se wil is al van Adam af reg in teenstelling met God s'n.

- Die mens se hele lewensopset is een van teëpraat en selfverdediging.
- Ons amp is dikwels aan die verloorkant vanweë ons onvermoë aan die een kant, maar ook vanweë ons ongehoorsaamheid aan die ander kant.
- Ons beroep word dikwels 'n slagveld vir die koninkryk van die Here omdat ons dikwels daar in swaar sondes van verskillende soorte verval.
- Daar is – om dit kort te stel – geen lus en stryd om die wil van die Here behoorlik uit te voer nie.

Tog spaar en bewaar die Here die wêreld.

- Die Here gee tyd vir bekering, én tyd waarin sy kerk kan uitbrei.
- En in hierdie tyd wat die Here toelaat, kom sy Seun en leer ons om te bid dat ons Vader wat in die hemele is, net so op die aarde sy wil moet laat geskied, soos wat dit in die hemel geskied.

In dieselfde trant skryf die apostel Paulus ook aan Timoteus (2:1 vv) dat gebede gedoen moet word vir alle mense sodat ons almal in godsvrug en waardigheid kan lewe.

Ons moet natuurlik nie die dinge ver van ons af sien nie.

- Dit gaan hier oor ons eie lyf. Dit gaan ook in hierdie gebed oor ons eie gemeente en oor onself.
- Hoeveel van ons bely die Here met die mond, maar ons lewe getuig dat ons hart so ver van God af is?
- Eintlik skiet elkeen van ons maar tekort op verskillende terreine – elkeen op sy eie gebied.

*Daarom sê die Bybel met die grootste reg dat selfs die allerheiligstes onder ons maar net 'n klein beginsel van gehoorsaamheid in ons het – in elk geval genoeg dat ons besef dat ons moet bid en smee vir vergifnis.*

Deel van ons gehoorsaamheid is natuurlik om te bid. Wat moet ons bid? Die Here Jesus Christus gee ons 'n modelgebed en Hy wek ons op om te bid. Natuurlik doen Hy baie meer as dit: Hy versoen ons ook en skenk aan ons die Heilige Gees.

- Die werk van die Heilige Gees is in hierdie geval om ons tot selfkennis te lei.
  - Met ander woorde, sodat ek my eie swakheid kan sien en nie agter ander mense of agter omstandighede wegkruip vir my eie sondes nie.
  - En sodat ek ook dan eerlik hierdie sondes kan bely, en sal bid om die wil te doen van ons Vader wat in die hemele is.
- Die Heilige Gees laat dus die lus tot gehoorsaamheid by ons ontstaan. Dus ook die lus om te bid en heilig te lewe, en die wil van God uit te voer in elke opsig.

## **2. Die krag van God**

Vanselfsprekend is die tweede saak nou die krag van God. Die vraag ontstaan by ons:

- Hoe kan ek bekeer word van al my sondes en hoe kan ek nou gereeld bid?
- Kortweg, hoe kan ek die wil van die Here doen?

Die antwoord is: God is so magtig dat Hy die vernuwing in die harte werk.

- Hy verander ons harte tot sy diens.
- Hy leer ons om lief te hê.
- Hy leer ons die vrees vir sy Woord.
- Hy leer ons verstaan.
- Hy gee die lus en die krag om dan aan al hierdie eise te kan voldoen.

Kom ons stel dit sodat dit pas by ons teksvers.

- Die Here maak dit vir ons moontlik om sy Naam te kan bely met die mond, met ander woorde te sê: "Here, Here."
- Maar daarmee lei sy Heilige Gees ons ook so dat ons die verantwoordelikheid kan nakom om dit wat ons bely met die daad te kan afrond.

*Besef ons die gevolg van wat ons hier sê? Dit beteken dat ons met woord en daad die lof en die heerlijkheid van God moet verkondig, en dat ons nooit mag swyg of verslap nie – soos die engele.*

- Die engele wat nou nog in die hemel oor is nadat die duiwel 'n derde van hulle in sonde laat val het, praat nooit teë nie.
- Hulle is elke oomblik gewillig om God te dien met al hulle kragte.

- Maar dit is natuurlik ook so dat God se wil ook geskied oor die engele wat gesondig het – dis nou dié wat agter die satan aangeloop het.
  - Een voorbeeld is die duiwels wat by Gadara bely dat die Here Jesus gekom het om hulle te pynig. Hulle is dus ook aan die wil van God onderwerp.
- Dit maak dus nie saak of die engele nog heilig is, en of hulle geval het nie, maar hulle weet wat verwag God van hulle en presies dit doen hulle.

Net so was dit ook met Christus toe Hy op aarde mens was: Hy het stiptelik die wil van God uitgevoer.

- Hy het nooit een enkele sonde gedoen nie.
- Hy het dikwels in lewensgevaar by sy standpunt en by die waarheid gebly.
- Hy sterf omdat Hy gehoorsaam is aan die hemelse wil van sy Vader.

***En nou bid ons dat ons ook so gehoorsaam moet wees. Soos wat die engele in die hemel aan God gehoorsaam is, net so moet die wil van die Here ook oor ons geskied.***

- Soos wat Christus die Vader gedien het, net so wil ons ook die Here dien.

Broeders en susters, God se wil is ook dat die wederkoms naby is. Ons het dalk nie meer baie tyd nie.

- Laat ons dan luister na die wil van God, en laat ons lewe soos die engele in die hemel: volmaak gehoorsaam – heeltemal ywerig.
- Kom ons lewe op die aarde tot eer van die Here soos hulle in die hemel dit doen. Kom ons lees saam wat in ons belydenis hieroor geskryf staan (Heidelbergse Kategismus Sondag 49):

***Vraag 124: Wat is die derde bede?***

***Antwoord:*** Laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde. *Dit is: Gee dat ons en alle mense ons eie wil prysgee (a) om aan u wil, wat alleen goed is, sonder enige teëpraterij gehoorsaam te wees (b), sodat elkeen sy amp en beroep net so gewillig en getrou kan beoefen en uitvoer (c) soos die engele in die hemel (d).*

*(a) Matt 16:24; Tit 2:11, 12. (b) Luk 22:42; Ef 5:10; Rom 12:2. (c) 1 Kor 7:24. (d) Ps 103:20, 21.*

**Amen.**

Slotgebed

Slotpsalm 40:1, 4 (p. 203)

- 1 Ek het die HEER lank in my druk verwag – / Hy het sy oor tot my geneig.  
Toe ek bedruk was en bedreig, / Het Hy geluister na my jammerklag.  
Hy wat aan my gedink het, / toe ek so diep gesink het / in modderige slyk,  
Hy laat my rotsvas staan, / Hy laat my veilig gaan – / My voetstap sal nie wyk.
- 4 Net om u wil te doen soos in u Boek / die wonderskrif wat nooit vergaan –  
dit klaar van my geteken staan, / dit wil ek, HEER, van ganser harte soek.  
Ek bied U hart en hande / in will'ge offerande – / al wat ek is en het;  
diep in my ingewand / waar liefde<sup>en</sup> ywer brand, / draag ek u heil'ge wet.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

**Amen.**